Lêer verw/
File ref: 15/3/4-15/05 MY

16 Augustus 2005

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

SPAAR WATER
SAVE WATER
YONGA AMANZI

Navrae/Enquiries:
Mnr I Adams

Mnre CK Rumboll & Vennote
Rainierstraat 16
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Menere

VOORGESTELDE AFWYKING OP PLAAS 552/3, DISTRIK MALMESBURY: DARLING DEMONSTRASIE WINDPLAAS

U aansoek MAL/5378/LTD gedateer 31 Maart 2005 namens H. Oelsner het betrekking.

Die Raad het die afwyking op gedeeltes van die Plaas Windhoek no. 552/3 ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) van Ordonnansie 15 van 1985 toegestaan, onderhewig aan die volgende voorwaardes.

(a) dat die afwyking beperk word tot die oprigting van vier windturbines van 1,3mw, in totaal 5,2mw;

(b) dat die vertikale buisvormige mas 'n hoogte van 50m sal hê, met 3x31m lemme;

(c) dat die windturbines opgerig word binne vier areas van 5m x 5m;

(d) dat die mini-substasies ook binne die 5m x 5m area opgerig word;

(e) dat 'n volledige substasie in die nabyheid van die R7 opgerig word, nie nader as 30m vanaf die betrokke plaasgrens nie;

(f) dat die afwyking vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf datum van goedkeuring geldig sal wees;

(g) dat die ontwikkelaar voor die verstryking van die vyf jaar tydperk heraansoek sal doen ten einde die regte te vestig;

(h) dat 'n grondwal van minstens 2m, met plantegroei beplant, opgerig sal word tussen die plaasgrens en die substasie ten einde die visuele impakte te minimaliseer;

(i) dat die plasing van die turbines en verwante strukture nie wesenlik sal afwyk van die terreinontwikkelingsplan nie (plan gemerk "B");

(j) dat die bestaande padoppervlakte en belyning so verhard word, ten einde die toekomstige verkeer te kan hanteer;

(k) dat die onafhanklike omgewingsbeheerbeampte aangestel deur die ontwikkelaar aan Munisipaliteit Swartland terugvoering verleen rakende monitering en oudit;

(l) dat die onafhanklike omgewingsbeheerbeampte 'n omgewingsbestuurskomitee saamstel, waarin kriteria ontwikkel word ten einde implementering en monitering vir beide die konstruksie en operasionele fase van die projek te hanteer;

(m) dat die konstruksieterrein binne die Omgewingsbestuursplan vervat word;

(n) dat bourommel na die goedgekeurde stortingsterrein in Darling verwyder word;

(o) dat die ontwikkelaar hierdie Munisipaliteit in kennis sal stel van sy voorneme om te begin;

(p) dat die nodige bouplanne vir alle strukture aan die Direkteur: Siviele Ingenieurs-dienste vir oorweging voorgelê word;

(q) dat die goedkeuring onderhewig is aan die voorwaardes van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (verwys skrywe gemerk "C" tot die sakelys);

(r) dat die goedkeuring onderhewig is aan die voorwaardes van Eskom (sien skrywe gemerk "D" tot die sakelys);

(s) dat die goedkeuring onderhewig is aan die voorwaardes soos vervat in die rekord van besluitneming van die Departement van Omgewingsake en Toerisme (sien skrywe gemerk "G" tot die sakelys).

Die uwe

WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Korporatiewe Dienste

IA/ca

Afskrifte:
1. HH Smit, Posbus 95, YZERFONTEIN, 7351
2. H. Oelsner, Posbus 313, DARLING, 7345
3. Direkteur Siviele Ingenieursdienste
4. Direkteur Finansiële Dienste